8 September **Skrifgedeelte: Spreuke 20:14-22:16**
Fokusgedeelte: Spreuke 1:22c, 29a

Sondige afkeer van kennis van God

Twee dinge staan teenoor mekaar: enersyds die kerk wat die Woord van God aan alle mense preek (Mark 15:15); andersyds die reaksie van die wêreld daarop. Aangevuur deur die Satan wil die wêreld die boodskap van die kerk uitwis. Wat is die rede vir die geweldige verset teen die evangelie? Spreuke 1:29a gee die antwoord: "Julle het 'n afkeer van kennis gehad..." Hierdie “julle” is: *onkundiges*, *grootpraters* en *swape* (Spr 1:22). Al lewe hulle Godonterend, praat God met hulle. Die evangelie word sonder uitsondering aan alle mense verkondig. God verkondig aan die mense die verlossing in Christus. Hy roep mense tot geloof en bekering. Die sondaars ignoreer dit. Hulle is só vol van hulleself dat hulle geen erg het aan die wysheid van God nie. Hulle gesindheid strek veel dieper: "Julle het 'n afkeer van kennis gehad…" Die sondaars haat God se wysheid, omdat hulle God haat! (Vgl Rom 1:30; Joh 15:23-25.) Kennis begin met die dien van die Here (Spr 1:7; Spr 9:10). Ware kennis leer jou hoe om God te dien. Omdat die goddelose God haat, het hulle geen respek vir God se Woord nie. Hulle verafsku God se woorde en steur hulle nie aan wat Hy sê nie (Ps 50:17). Daarom sal God Hom in die ewige oordeel ook nie aan hulle steur nie. Die gelowige het die roeping om in die wêreld ’n voorbeeld te wees van gehoorsaamheid aan God – die teëbeeld van die sondaars!

Sing: Psalm 103:9 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)